THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

PUBLISHED BY AUTHORITY

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

UITGEGEE OP GESAG

VOL. XCVI.] PRICE 6d. PRETORIA, 11TH MAY, 11 MEI 1934. PRYS 6d. [No. 2194.

All Proclamations, Government and General Notices, published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

PROCLAMATIONS

BY LIEUTENANT-COLONEL HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE THE EARL OF CLARENDON, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, GOVERNOR-GENERAL AND COMMANDER-IN-CHIEF IN AND OVER THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 69, 1934.]

Whereas it is desirable to amend the boundaries of the Township of Boksburg South, District Boksburg, Province of the Transvaal, and to include within the said township Portion J of the farm Leeuwpoort No. 4, District Boksburg.

Now therefore, under and by virtue of the power in me vested by sub-section (1) of section *thirty-five* of Act No. 13 of 1918, I do hereby declare, proclaim and make known that, from and after the date of the publication of this Proclamation, the boundaries of the said Township of Boksburg South shall be extended to include Portion J, measuring 40,180 Cape square feet, of the farm Leeuwpoort No. 4, District Boksburg, as represented in Diagram S.G. No. A. 1483/32, the land so included to be subject in so far as applicable, to the conditions relative to the Boksburg South Township, approved by the Administrator in Executive Committee on the 9th November, 1932.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa, at Capetown, this Twenty-sixth day of April, One thousand Nine hundred and Thirty-four.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

D. REITZ.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbokoek met 'n ✱ gemerk.

PROKLAMASIES

VAN LUITENANT-KOLONEL SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE DIE GRAAF VAN CLARENDON, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN SAINT MICHAEL EN SAINT GEORGE, GOEWERNEUR-GENERAAL EN OPPERBEVELHEBBER IN EN OOR DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 69, 1934.]

Aangesien dit wenslik is om die grenslyne van die dorp Boksburg-Suid, in die distrik Boksburg, Provinsie Transvaal, te wysig, en gedeelte J van die plaas Leeuwpoort No. 4, distrik Boksburg, by genoemde dorp in te sluit;

So is dit, dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyf-en-dertig* van Wet No. 13 van 1918, hierby verklaar, proklameer en bekendmaak dat, vanaf die datum van die publikasie van hierdie Proklamasie, die grenslyne van genoemde dorp Boksburg-Suid uitgebrei word om Gedeelte J, groot 40,180 Kaapse vierkantvoet, van die plaas Leeuwpoort No. 4, distrik Boksburg, soos aangetoon op Kaart S.G. No. A.1483/32, in te sluit; bedoelde grond is, insover dit van toepassing is, onderworpe aan die voorwaardes met betrekking tot die dorp Boksburg-Suid wat die Administrateur in Uitvoerende Komitee op 9 November 1932 goedgekeur het.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika, in Kaapstad, op hede die Ses-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Vier-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

D. REITZ.

✱ No. 70, 1934.]

CRIMINAL JURISDICTION.—ADDITIONAL NATIVE COMMISSIONER, HAMANSKRAAL.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *nine* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), I do hereby confer upon the Additional Native Commissioner, Hamanskraal, Transvaal, criminal jurisdiction in respect of any offence, subject to the jurisdiction of a magistrate's court, committed by a native within his area of jurisdiction.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Capetown this Twenty-fifth day of April One thousand Nine hundred and Thirty-four.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

P. GROBLER.

✱ No. 71, 1934.]

LEVY OF SPECIAL RATE ON THE MATSHANGANA TRIBE OF NATIVES UNDER CHIEF TULA MAHASHI.

Whereas the Matshangana Tribe of natives under Chief Tula Mahashi, resident in the District of Pilgrims Rest, has made application for the levy of a special rate for the purpose of providing funds for the purchase of land by the tribe;

And whereas the Minister of Native Affairs is satisfied that the majority of the taxpayers of the tribe desire such a levy and approves of the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, No. 41 of 1925, I do hereby proclaim, declare and make known that a special rate of £2 per annum is hereby levied on every member of such tribe who is a taxpayer.

The special rate hereby levied shall come into operation as from the year 1934 and shall remain in operation from year to year until such time as the tribal liabilities in connection with the purchase of land shall have been liquidated.

The special rate hereby levied shall become due and payable on the 1st June in respect of the year 1934 and on the 1st January in each succeeding year during which it is in operation.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Capetown this Twenty-fifth day of April One thousand Nine hundred and Thirty-four.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

P. GROBLER.

✱ No. 72, 1934.]

URBAN AREA OF CAROLINA, TRANSVAAL: CURFEW.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *nineteen* of the Natives (Urban Areas) Act, 1923, Amendment Act, 1930, I do hereby proclaim, declare and make known that from and after the first day of June, 1934, no native, male or female, not being exempted under paragraph (*b*) of sub-section (4) of the said section, shall, between the hours of 9 p.m. and 4 a.m., be in any public place within the area controlled by the Municipality of Carolina, Transvaal, unless such native be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorized by such employer to issue such permit to such native or by some person authorized by the Municipality of Carolina, Transvaal, to issue such permits or by the officer in charge of any police station within such area.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Capetown this Twenty-fifth day of April One thousand Nine hundred and Thirty-four.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

P. GROBLER.

✱ No. 70, 1934.]

KRIMINELE REGSMAG.—ADDISIONELE-NATURELLE-KOMMISSARIS, HAMANSKRAAL.

Ingevolge die bevoegdheid my verleen by artikel *negen* van die Naturelle-administrasiewet, 1927 (No. 38 van 1927), verleen ek hierby kriminele regsmag aan die Addisionele-naturellekommissaris, Hamanskraal, Transvaal, met betrekking tot enige misdryf, onderworpe aan die regsmag van 'n magistraatshof, deur 'n naturel in sy regsgebied begaan.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die Vyf-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd-vier-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

P. GROBLER.

✱ No. 71, 1934.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE NATURELLE VAN DIE MATSHANGANASTAM ONDER KAPTEIN TULA MAHASHI.

Nademaal die naturelle van die Matshanganastam onder Kaptein Tula Mahashi, woonagtig in die distrik Pelgrimsrust, aansoek gedoen het om de heffing van 'n spesiale belasting met die doel om voorsiening te maak vir die aankoop van grond deur die stam;

En nademaal die Minister van Naturellesake oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van die stam so 'n heffing verlang en die doel goedkeur waarvoor dit gehef word;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturellebelasting en Ontwikkeling Wet, No. 41 van 1925, hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat 'n spesiale belasting van £2 per jaar hierby gehef word van elke lid van sodanige stam wat 'n belastingbetaler is.

Die spesiale belasting, hierby gehef, tree in werking in die jaar 1934 en bly van jaar tot jaar van krag tot op sodanige tyd as die stam aan sy verpligtings in verband met die aankoop van die grond voldoen het.

Die spesiale belasting hierby gehef is verskuldig en betaalbaar op 1 Junie ten opsigte van die jaar 1934 en op 1 Januarie vir elke daaropvolgende jaar waarin dit in werking is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyf-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd-vier-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

P. GROBLER.

✱ No. 72, 1934.]

STADSGEBIED CAROLINA, TRANSVAAL: AANDKLOK.

Ingevolge die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *negentien* van die „Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923", Wysigingswet, 1930, proklameer, verklaar en maak ek hierby bekend dat, vanaf die eerste dag van Junie 1934, geen naturel, hetsy mans- of vroupersoon, wat kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (4) van genoemde artikel nie vrygestel is nie, tussen die ure 9 n.m. en 4 v.m. op 'n publieke plek binne die gebied, onder beheer van die Munisipaliteit van Carolina, Transvaal, mag wees nie, tensy so'n naturel in besit is van 'n permit onderteken deur sy werkgewer of deur iemand wat deur die werkgewer gemagtig is om aan so'n naturel 'n permit uit te reik, of deur iemand wat deur die Munisipaliteit van Carolina, gemagtig is om sodanige permitte uit te reik, of deur die verantwoordelike beampte van 'n polisiekantoor in genoemde gebied.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die Vyf-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd-vier-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

P. GROBLER.

✱ No. 73, 1934.]

PERIODICAL COURT, CHARLESTOWN.—DEFINITION OF LOCAL LIMITS.

Under and by virtue of the powers in me vested by paragraphs (*f*) and (*h*) of section *two* of the Magistrates' Courts Act, 1917 (Act No. 32 of 1917), I do hereby prescribe that from and after the date of publication hereof, the local limits within which the Periodical Court at Charlestown, in the Magisterial District of Newcastle, Province of Natal, shall have jurisdiction, shall be as set out in the schedule to this proclamation.

Proclamation No. 23 of 1906 is hereby varied accordingly.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Capetown this First day of May One thousand Nine hundred and Thirty-four.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. C. SMUTS.

SCHEDULE.

LOCAL LIMITS WITHIN WHICH THE PERIODICAL COURT AT CHARLESTOWN SHALL HAVE JURISDICTION.

Those portions of the Districts of Utrecht and Newcastle situate within the following boundaries:—

From the north-eastern beacon of Sub-division A of Wilgeboschspruit No. 135 on the Transvaal-Natal border; thence along the boundaries of the following properties, in succession, so as to include them in this area: Wilgeboschspruit No. 135, Spitzkop No. 206, 3 of Rooipoort No. 173, 1 of Rooipoort No. 173, B of Gejaagd No. 99, A of Gejaagd No. 99 and Blaauw Bank No. 305 to the middle of the Buffalo River; thence down the middle of the Buffalo River to the most easterly beacon of Sub-division E of Samson's Klip No. 3312; thence along the boundaries of the following properties, in succession, so as to include them in this area: Sub-divisions E, C, B and A, all of Samson's Klip No. 3312, Inkwelo Side No. 10291, Inkwelo No. 10640, Trow's Rest No. 8298, Glen Barton No. 3343, and Sub-division Skuiling of Quagga Vlei No. 10375 to the south-western beacon of the latter sub-division, on the Orange Free State-Natal border; thence along the Orange Free State-Natal and Transvaal-Natal borders to the beacon first mentioned.

✱ No. 73, 1934.]

PERIODIEKE HOF, CHARLESTOWN.—BEPALING VAN PLAASLIKE GRENSE.

Ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen by paragrawe (*f*) en (*h*) van artikel *twee* van die „Magistraatshoven Wet, 1917" (Wet No. 32 van 1917), bepaal ek hierby dat vanaf datum van publikasie hiervan, die plaaslike grense, waarbinne die Periodieke Hof op Charlestown, in die Magistraatsdistrik Newcastle, Provinsie Natal, regsmag kan uitoefen, is soos omskrywe in die Skedule van hierdie Proklamasie.

Proklamasie No. 23 van 1906 word hierby ooreenkomstig verander.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die Eerste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Vier-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. C. SMUTS.

SKEDULE.

PLAASLIKE GRENSE WAARBINNE DIE PERIODIEKE HOF OP CHARLESTOWN REGSMAG UITOEFEN.

Daardie gedeeltes van die distrikte Utrecht en Newcastle geleë binne die navolgende grense:—

Van die noordoostelike baken van Onderafdeling A van Wilgeboschspruit No. 135 op die Transvaal-Natal-grens; vandaar agtereenvolgens langs die grense van die volgende eiendomme, om hulle in hierdie gebied in te sluit: Wilgeboschspruit No. 135, Spitzkop No. 206, 3 van Rooipoort No. 173, 1 van Rooipoort No. 173, B van Gejaagd No. 99, A van Gejaagd No. 99 en Blaauw Bank No. 305 tot die middel van die Buffelsrivier; vandaar af in die middel van die Buffelsrivier tot die mees oostelike baken van Onderafdeling E van Samson's Klip No. 3312; vandaar agtereenvolgens langs die grense van die volgende eiendomme, om hulle in hierdie gebied in te sluit: Onderafdelings E, C, B en A, almal van Samson's Klip No. 3312, Inkwelo Side No. 10291, Inkwelo No. 10640, Trow's Rest No. 8298, Glen Barton No. 3343 en Onderafdeling Skuiling van Quagga Vlei No. 10375 tot die suidwestelike baken van laasgenoemde onderafdeling op die Oranje-Vrystaat-Natal-grens; vandaar langs die Oranje-Vrystaat-Natal- en Transvaal-Natal-grense tot eersgenoemde baken.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS.

The following Government Notices are published for general information.

H. D. J. BODENSTEIN,
Secretary, Department of the Prime Minister
and of External Affairs.

Department of the Prime Minister
and of External Affairs,
Pretoria.

✱ No. 607.] [11th May, 1934.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of recognition to Mr. Walter Emerich Hehl as Chancellor of the Brazilian Consulate at Capetown.

✱ No. 614.] [11th May, 1934.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of provisional recognition to Mr. Jean Vacher-Corbiere as Consul of France at Durban.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

The following Government Notices are published for general information.

J. F. J. VAN RENSBURG,
Secretary for Justice.

Department of Justice, Pretoria.

✱ No. 612.] [11th May, 1934.

SPECIAL JUSTICE OF THE PEACE, GROOT SPELONKEN—APPOINTMENT OF.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *one* (1) of Act No. 2 of 1918, appointed Jacobus Petrus Booysen to be Special Justice of the Peace at Groot Spelonken, in the District of Pietersburg, Province of the Transvaal, with effect from the 16th April, 1934, *vice* E. M. Emmett, transferred.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

H. D. J. BODENSTEIN,
Sekretaris, Departement van die Eerste Minister
en van Buitelandse Sake.

Departement van die Eerste Minister
en van Buitelandse Sake,
Pretoria.

✱ No. 607.] [11 Mei 1934.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die erkenning van mnr. Walter Emerich Hehl as Kanselier van die Brasiliaanse Konsulaat in Kaapstad.

✱ No. 614.] [11 Mei 1934.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die voorlopige erkenning van mnr. Jean Vacher-Corbiere as Konsul van Frankryk in Durban.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

J. F. J. VAN RENSBURG,
Sekretaris van Justisie.

Departement van Justisie, Pretoria.

✱ No. 612.] [11 Mei 1934.

SPESIALE VREDEREGTER, GROOT SPELONKEN—AANSTELLING VAN.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het, ingevolge artikel *een* (1) van Wet No. 2 van 1918, Jacobus Petrus Booysen aangestel as Spesiale Vrederegter te Groot Spelonken, distrik Pietersburg, Provinsie Transvaal, met ingang van 16 April 1934, in die plek van E. M. Emmett, verplaas.

DEPARTMENT OF FINANCE.

The following Government Notices are published for general information.

J. G. HUBBALL,
Secretary for Finance.

Treasury, Pretoria.

✱ No. 608.] [11th May, 1934.

CUSTOMS NOTICE.

AMENDMENT OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas by Government Notice No. 947 of 22nd July, 1932, permission was granted to Messrs. Sturrock (Cape), Limited, of Capetown, in the Province of Cape of Good Hope, for use of certain premises situate at 1 Southgate Street, Woodstock, Capetown, comprising a brick building under iron roof, having a floor space of 17 feet 6 inches by 38 feet 6 inches and 29 feet 4 inches by 43 feet, for the securing and warehousing under bond of general merchandise imported without payment of duty on the first entry thereof;

Notice is hereby given that, under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act (Act No. 9), 1913, the Commissioner of Customs has approved of the extension of the bond area by the addition of a further 25 feet by 43 feet for use as a bonded warehouse.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

J. G. HUBBALL,
Sekretaris van Finansies.

Tesourie, Pretoria.

✱ No. 608.] [11 Mei 1934.

DOEANEKENNISGEWING.

GEWYSIGDE AANWYSING VAN 'N DOEANE-PAKHUIS.

Nademaal kragtens Goewermentskennisgewing No. 947 van 22 Julie 1932 vergunning verleen is aan die firma Sturrock (Cape), Limited, Kaapstad, in die Provinsie Kaap de Goede Hoop, vir die gebruik van 'n sekere perseel geleë aan Southgatestraat 1, Woodstock, Kaapstad, bevattende 'n baksteen gebou onder 'n ysterdak, met 'n vloer groot 17 voet 6 duim by 38 voet 6 duim en 29 voet 4 duim by 43 voet, vir die opberging en bewaring van algemene koopware onder waarborg ingevoer sonder betaling van doeaneregte by die eerste inklaring daarvan;

So word hierby bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane, kragtens die bepalings van artikel *twee-en-vyftig* van die „ Wet op het Beheer van de Doeane, 1913 " (Wet No. 9 van 1913), die uitbreiding aan die opslagruimte, deur die byvoeging van 'n verder 25 voet by 43 voet vir pakhuisdoeleindes, goedgekeur het.

✱ No. 613.] [11th May, 1934.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to Section *twenty-five* (1) of Act No. 31 of 1920, and Section *thirteen* of Act No. 22 of 1923, of Liabilities and Assets on the 4th day of May, 1934.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve	880,572	9	4
Notes in Circulation	11,837,664	10	0
Deposits :—			
(a) Government	2,392,212	12	3
(b) Bankers	28,228,542	2	10
(c) Other	2,873,030	17	5
Bills Payable	—		
Other Liabilities	786,319	19	7
	£47,998,342	11	5

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (of which £9,332,499. 16s. 7d. held outside Union)	18,037,531	0	9
Subsidiary Coin	341,758	2	1
Bills discounted :—			
(a) Domestic	9,958	18	0
(b) Foreign	22,385,052	2	6
(c) Union Government Treasury Bills	—		
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	180,000	0	0
Investments	1,725,241	2	1
Other Assets	5,318,801	6	0
	£47,998,342	11	5

Ratio of cash reserves to liabilities to public, 40 per cent.

Dated this 9th day of May, 1934.

L. J. COCKHEAD, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 613.] [11 Mei 1934.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge Artikel *vyf-en-twintig* (1) van Wet No. 31 van 1920 en Artikel *dertien* van Wet No. 22 van 1923, van die Bate en Laste op die 4de dag van Mei 1934.

Laste (Passiva).	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwe	880,572	9	4
Banknote in omloop	11,837,664	10	0
Deposito's van :—			
(a) Regering	2,392,212	12	3
(b) Bankiers	28,228,542	2	10
(c) Ander	2,873,030	17	5
Te Betale Wissels	—		
Ander Verpligtings	786,319	19	7
	£47,998,342	11	5

Bate (Activa).	£	s.	d
Gemunte en Ongemunte Goud (waarvan £9,332,499. 16s. 7d. buite die Unie gehou)	18,037,531	0	9
Pasmunt	341,758	2	1
Verdiskonteerde Wissels :—			
(a) Binnelandse	9,958	18	0
(b) Buitelandse	22,385,052	2	6
(c) Skatkispromesses van die Unie-regering	—		
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	180,000	0	0
Beleggings	1,725,241	2	1
Ander Bate	5,318,801	6	0
	£47,998,342	11	5

Verhouding van spesie-reserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 40 persent.

Geteken die 9de dag van Mei 1934.

L. J. COCKHEAD, Vise Hoofkassier.

✱ No. 615.] [11th May, 1934.

STATEMENT SHOWING THE QUANTITIES AND VALUES OF GOLD BULLION AND SPECIE EXPORTED FROM THE UNION OF SOUTH AFRICA TO COUNTRIES OVERSEA DURING THE WEEK ENDED 5TH MAY, 1934.

Countries of Destination.	Gold Bullion.*		Specie (Face value).
	Fine oz.	£	£
United Kingdom	120,906	513,576	—

* Value calculated at the standard rate of £4·24773 per fine oz.

✱ No. 615.] [11 Mei 1934.

OPGAWE AANTONENDE DIE HOEVEELHEID EN WAARDE VAN STAAFGOUD EN GOUDMUNT UITGEVOER UIT DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA NA OORSESE LANDE GEDURENDE DIE WEEK GEEINDIG 5 MEI 1934.

Lande van Bestemming.	Staafgoud.*		Goudmunt (Nominale Waarde).
	Fyn onse.	£	£
Groot-Brittanje	120,906	513,576	—

* Waarde bereken teen die standaardkoers van £4·24773 per ons fyn goud.

DEPARTMENT OF MINES.

The following Government Notices are published for general information.

F. A. NIXON,
Acting Secretary for Mines.

Department of Mines, Pretoria.

No. 554.] [4th May, 1934.

MECHANICAL AND ELECTRICAL ENGINEERS' EXAMINATION.

It is hereby notified that the Commission of Examiners for the Mechanical and Electrical Engineer's Certificate of Competency will hold the next examination on Wednesday, Thursday and Friday, the 20th, 21st and 22nd June, 1934, at 9 a.m. at the Jewish Guild War Memorial Hall, corner of Bree and Von Brandis Streets, Johannesburg, also simultaneously at Dundee, Kimberley and Bloemfontein if there are sufficient applicants.

The prescribed form of application is obtainable, without payment, from the Secretary to the Commissions of Examiners, P.O. Box 1132, Johannesburg.

Those wishing to enter for the examination must send in their applications (stating at which centre they wish to be examined) to reach the Secretary on or before the 2nd June, 1934.

The following syllabus of examination is published for general information, and a detailed copy thereof will be supplied on application to the Secretary:—

MECHANICAL ENGINEERS.

Legal knowledge.
Strength of materials and design of structures.
Power plant.
Driven machinery and mechanical appliances.
Electro-technics (elementary).

ELECTRICAL ENGINEERS.

Legal knowledge.
Strength of materials.
Power plant.
Driven machinery and mechanical appliances.
Electro-technics (advanced).

Candidates for examination as mechanical or electrical engineers to take charge of machinery on mines, will, in addition to the foregoing subjects, be examined in "Mining plant". 4-11-18

No. 586.] [4th May, 1934.

PROPOSED DEPROCLAMATION OF THE FARM DELFT No. 905, DISTRICT ZOUTPANSBERG.

It is hereby notified that, under the powers vested in him by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), it is the intention of His Excellency the Governor-General to deproclaim as a public digging the farm Delft No. 905, District Zoutpansberg, Mining District of Pietersburg, Transvaal Province. M.M. 15/1/532.

✱ No. 611.] [11th May, 1934.

APPOINTMENT OF MEDICAL PRACTITIONERS.

It is hereby notified that the Minister of Mines has, under sub-section (1) of section *twelve* of the Miners' Phthisis Acts Consolidation Act, 1925 (Act No. 35 of 1925), in consultation with the Miners' Phthisis Medical Bureau, amended the list of medical practitioners framed in terms of the said section and published under Government Notice No. 2241 in the *Union Government Gazette* of the 18th December, 1925, to carry out certain prescribed medical examinations and to give medical certificates under the said Act, by the addition of the following name:—

Dr. Lambertus Christoffel Siebrits, M.B., Ch.B. (Cape), as full-time Medical Officer at the Simmer and Jack Mines during the absence of Dr. M. A. F. Helm on six months' leave as from the 4th May, 1934. M.M. 60/1. Pt. II.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

The following Government Notices are published for general information.

J. F. HERBST,
Secretary for Native Affairs.

Department of Native Affairs, Pretoria.

✱ No. 600.] [11th May, 1934.

AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 432 OF 1934.

It is hereby notified for general information that Government Notice No. 432 of 1934, published in *Government Gazette* No. 2186 dated the 6th April, 1934, is amended by the substitution of the words "Urban Area" for the word "Municipality" wherever it occurs.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

F. A. NIXON,
Waarnemende Sekretaris van Mynwese.

Departement van Mynwese, Pretoria.

No. 554.] [4 Mei 1934.

EKSAMEN VIR WERKTUIGKUNDIGES EN ELEKTROTEGNICI.

Hereby word bekendgemaak dat die kommissie van Eksaminatore vir die Sertifikaat van Bevoegheid as Werktuigkundige en Elektrotegnicus 'n eksamen sal afneem op Woensdag, Donderdag en Vrydag, 20, 21 en 22 Junie 1934, om 9 uur v.m. in die „ Jewish Guild War Memorial "-saal, hoek van Bree- en Von Brandisstraat, Johannesburg, en tegelykertyd in Dundee, Kimberley en Bloemfontein, as daar genoeg kandidate is.

Die voorgeskrewe aansoekvorm is kosteloos verkrygbaar op aanvraag by die Sekretaris van die Eksamenkommissie, Posbus 1132, Johannesburg.

Diegene wat vir die eksamen wil inskryf moet hul aansoek (met vermelding van die sentrum waar hulle die eksamen wil aflê) so instuur sodat dit die Sekretaris voor of op 2 Junie 1934, kan bereik.

Onderstaande eksamensillabus word vir algemene informasie gepubliseer, en 'n uitvoerige afskrif daarvan sal, op aanvraag, deur die Sekretaris verskaf word.

Kandidate sal in onderstaande vakke geëksamineer word:—

WERKTUIGKUNDIGES.

Wetskennis.
Sterkte van materiaal en die ontwerp van strukture.
Kragmasjinerie.
Gedrewe masjinerie en meganiese toestelle.
Elektrotegniek (elementêr).

ELEKTROTEGNICI.

Wetskennis.
Sterkte van materiaal.
Kragmasjinerie.
Gedrewe masjinerie en meganiese toestelle.
Elektrotegniek (gevorderd).

Kandidate vir eksamen as werktuigkundiges of elektrotegnici om toesig te hou oor masjinerie op myne sal, behalwe in bostaande onderwerpe, ook in „ Myninstallasie " geëksamineer word.

No. 586.] [4 Mei 1934.

VOORGENOME DEPROKLAMASIE VAN DIE PLAAS DELFT No. 905, DISTRIK ZOUTPANSBERG.

Hierby word bekendgemaak dat, ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die „ Precious and Base Metals Act, 1908 " (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, voornemens is om die plaas Delft No. 905, distrik Zoutpansberg, myndistrik Pietersburg, Provinsie Transvaal, as 'n publieke delwery te deproklameer. 4-11-18-25

✱ No. 611.] [11 Mei 1934.

AANSTELLING VAN MEDIESE PRAKTISYNS.

Hierby word bekendgemaak dat, kragtens subartikel (1) van artikel *twaalf* van die „ Myntering wetten Konsolidatie Wet ", 1925 (Wet No. 35 van 1925), die Minister van Mynwese, in oorleg met die Geneeskundige Buro vir Myntering, die lys van mediese praktisyns, kragtens gemelde artikel opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 2241 in die *Staatskoerant* van 18 Desember 1925 gepubliseer, om sekere voorgeskrewe mediese ondersoeke te doen en mediese sertifikate ingevolge gemelde Wet uit te reik, gewysig het deur byvoeging van die volgende naam:—

Dr. Lambertus Christoffel Siebrits, M.B., Ch.B. (Kaap), as voltydse geneesheer aan die „ Simmer and Jack Mines ", gedurende die afwesigheid op verlof van dr. M. A. F. Helm vir ses maande vanaf 4 Mei 1934.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

J. F. HERBST,
Sekretaris van Naturellesake.

Departement van Naturellesake, Pretoria.

✱ No. 600.] [11 Mei 1934.

WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 432 VAN 1934.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat Goewermentskennisgewing No. 432 van 1934, afgekondig in *Staatskoerant* No. 2186 van 6 April 1934, gewysig is deur die woord „ Munisipaliteit ", oral waar dit voorkom, te vervang deur die woord „ Stadsgebied ".

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

The following Government Notices are published for general information.

P. R. VILJOEN,
Secretary for Agriculture.

Department of Agriculture, Pretoria.

✱ No. 592.] [11th May, 1934.

The following brands have been duly allotted and registered in terms of the Great Stock Brands Ordinance (Ordinance No. 15 of 1904, Transvaal), during the quarter ended 31st March, 1934:—

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

P. R. VILJOEN,
Sekretaris van Landbou.

Departement van Landbou, Pretoria.

✱ No. 592.] [11 Mei 1934.

Onderstaande brandmerke is gedurende die kwartaal geeindig 31 Maart 1934 toegewys en geregistreer in terms van „The Great Stock Brands Ordinance" (Ordonnansie No. 15 van 1904, Transvaal):—

No. of Brand. *No. van Brandmerk.*	Name of Owner. *Naam van Eienaar.*	Address. *Adres.*	District. *Distrik.*	Brand. *Brandmerk.*	No. of Certificate. *No. van Sertifikaat.*	Date of Registration. *Datum van Registrasie.*
1	Hyman, Jacob	Legdaar, P.O. Box—Posbus 201, Bethal	Bethal	⊢J4	594	29/12/33
2	Mezler, Antonie	Vaalbank, P.O.—Pk. Davel	Bethal	⊢M2	595	20/3/34
3	Klein, Albert	Grootpan, P.O. Box—Posbus 43, Kinross	Bethal	⊢K2	596	24/3/34
4	Wentzel, Louis Frans Jacobus	Wildehoenderkraal, P.O.—Pk. Bloemhof	Bloemhof	BW6	435	6/2/34
5	Fouche, Jan Harm	Kleinfontein, P.O.—Pk. Rashoop	Brits	⊃IF	20	15/1/34
6	Lochner, Stephanus Johannes Paulus Kruger	P.O.—Pk. Brits	Brits	⊃L2	21	28/2/34
7	Cootzee, Christoffel	Goedeverwagting, P.O.—Pk. Lake Chrissie	Carolina	7GX	617	4/1/34
8	John Ralph & Son—Seun	Vlakfontein, P.O.—Pk. Ermelo	Ermelo	∃RO	741	14/2/34
9	Russell, Ellen Marie	P.O. Box—Posbus 34, Balfour	Heidelberg	HR4	568	12/1/34
10	Cronje, Frederik Andries Jacobus	Witpoort, P.O. Box—Posbus 18, Greylingstad	Heidelberg	HV6	569	10/1/34
11	Leversage, Samuel Singlewood	P.O. Box—Posbus 16, Balfour	Heidelberg	HT6	570	3/3/34
12	Bosman, Johannes Jacobus	6 Strange Avenue—Laan, Brakpan	Klerksdorp	⋊3B	64	19/1/34
13	Bezuidenhout, Maria Hendriena	Old Town, Klerksdorp	Klerksdorp	⋊0B	65	19/2/34
14	Nel, Frederik Johannes Hendrik	Cyferfontein, P.O.—Pk. Rhenosterspruit	Klerksdorp	⋊N0	67	1/3/34
15	Prinsloo, Nicolaas Jacobus	Doornfontein, P.O.—Pk. Vogelstruisfontein	Krugersdorp	2KE	650	19/3/34
16	Jablowski, Max R	Lulu Kop, P.O.—Pk. Mica	Letaba	⋊IJ	30	8/2/34
17	Reeves, Alexander Stuart	Magdalena, P.O.—Pk. Mica	Letaba	⋊RI	31	22/2/34
18	Rogers, William George	P.O.—Pk. Mica	Letaba	⋊G0	32	22/2/34
19	Vorster, Willem Jacobus Weideman	P.O. Box—Posbus 18, Grasfontein	Lichtenburg	⊥V7	538	22/2/34
20	Lothering, Klaas Prinsloo	Ohrigstad, P.O.—Pk. Ohrigstad	Lydenburg	⋖K4	2176	19/2/34
21	Hartman, Hendrik Jan Paulus	Nooitgedacht, P.O.—Pk. Rooisloot	Marico	MX⊕	1125	17/1/34
22	Oosthuizen, Willem	Koedoesfontein, P.O.—Pk. Vaalkop	Marico	MU⊢	1126	19/1/34
23	Botha, Willem Jacobus	Nicolaasdoorns, P.O.—Pk. Supingstad	Marico	MU⋊	1127	19/1/34
24	Engelbrecht, Jan Harm	Nooitgedacht, P.O.—Pk. Rooisloot	Marico	MU⊕	1128	20/1/34
25	Engelbrecht, Adriaan Johannes	Nooitgedacht, P.O.—Pk. Aapdraai	Marico	MX⋊	1129	20/1/34
26	Venter, Paul Stephanus	Honingkrans, P.O.—Pk. Zeerust	Marico	MU⊖	1130	26/1/34
27	Reyneke, David Andries, Albertus Thomas, Pieter Cornelius, and—en Johannes David	P.O.—Pk. Zeerust	Marico	M⊖U	1131	29/1/34
28	v. Heerden, Jeremias Jesaja	Nooitgedacht, P.O.—Pk. Aapdraai	Marico	MU⊖	1132	3/2/34
29	Fouche, Johannes Hendrik	Kruisrivier, P.O.—Pk. Zeerust	Marico	M⊖U	1133	7/2/34
30	Donovan, Maurice Willoughby	Kruisrivier, P.O.—Pk. Zeerust	Marico	M⋊X	1134	13/2/34
31	Cloete, Christian, and—en v. Staden, Adrian Stephanus	Koedoesfontein, P.O.—Pk. Vaalkop	Marico	M⋖Z	1135	26/2/34
32	Kotze, Nicolaas Jacobus	Malopoo Oog, P.O.—Pk. Trekdrift	Marico	M⊕Z	1136	28/2/34
33	Liebenberg, Gerhardus Petrus	Honingkrans, P.O.—Pk. Zeerust	Marico	M⊖Z	1137	1/3/34
34	Stafleu, Abraham	P.O.—Pk. Kaffirskraal	Marico	MU⊖	1138	3/3/34
35	Prins, Frans Edward	Zendelingsplaats, P.O.—Pk. Zeerust	Marico	M⊕1	1139	6/3/34
36	Botes, Jan Melgeorge	Weltevreden, P.O.—Pk. Lucerne	Marico	M⊠1	1140	8/3/34
37	Salim, Joseph Antonee	Rietvlei, P.O.—Pk. Wondermere	Marico	M⊖1	1141	8/3/34
38	Kirstein, Jan Bastian	Rietgat, P.O.—Pk. Zeerust	Marico	M⋖1	1142	12/3/34
39	Venter, Gabriel Gideon Lourens, and—en Eduard Hermanus Jacobus	Jacobsdal, P.O.—Pk. Lucerne	Marico	M⋗1	1143	15/3/34
40	Fourie, Roelof Andries	Kaffirskraal, P.O.—Pk. Lucerne	Marico	M⊢1	1145	17/3/34
41	v. d. Venter, Jan	Zendelingsplaats, P.O.—Pk. Vaalkop	Marico	M⊃1	1146	20/3/34
42	Goedgedacht Pound—Skut	Pound Master—Skutmeester C. G. Steenkamp, Goedgedacht, P.O.—Pk. Nobo	Middelburg	◊∃3	1894	8/3/34
43	de Lange, Jan Hendrik	Paarlklip, P.O.—Pk. White River	Nelspruit	⋔DI	63	2/3/34
44	Botha, Marthinus Hendrik	Aldie, P.O.—Pk. Karino	Nelspruit	⋔B4	64	2/3/34
45	Gardee, Mahomed Ismail	P.O. Box—Posbus 21, White River	Nelspruit	⋔G4	65	2/3/34
46	Dell, Rupert Charles Miles	Peebles, P.O.—Pk. White River	Nelspruit	⋔D3	66	2/3/34
47	Heinlein, George Johannes	Verdwaalpan, P.O.—Pk. Zoetdoorns	Pietersburg	Σ7G	1763	6/1/34
48	Venter, Izak Stephanus	892 Magazyn Street—Straat, Pietersburg	Pietersburg	ΣUI	1764	29/1/34
49	White, Andries Johannes	Middagson, P.O.—Pk. Doornboom	Pietersburg	Σ7W	1765	8/3/34
50	Andrew, Clarence Pridmore	Netrecht, P.O. Box—Posbus 242, Pietersburg	Pietersburg	Σ0U	1766	10/3/34
51	Hinze, Heinrich August Conrad	Witklip, P.O.—Pk. Commondale	Piet Retief	F6Z	671	24/1/34
52	v. d. Walt, Jan Harm	41 Tom Street—Straat, Potchefstroom	Potchefstroom	4dF	1384	10/2/34
53	v. Rensburg, Hendrik Petrus	Rooipoort, P.O.—Pk. Potchefstroom	Potchefstroom	3dF	1385	2/3/34
54	du Plessis, Diedrik Johannes	Langebaan, P.O.—Pk. Baltimore	Potgietersrust	M0D	292	4/1/34
55	Brown, Mary Ann	P.O.—Pk. Zebediela	Potgietersrust	MA9	293	13/1/34
56	Vorster, Hendrik Petrus	Armoede, P.O.—Pk. Platreef	Potgietersrust	M7V	294	18/1/34
57	Calitz, Snr., Jacobus Johannes	Hoogeveld, P.O.—Pk. Maasstroom	Potgietersrust	M8H	295	22/1/34
58	Calitz, Jnr., Jacobus Johannes	Krokedilpan, P.O.—Pk. Pasbegin	Potgietersrust	MK3	296	22/1/34
59	Boshoff, Jan Hendrik	Kaalhoek, P/B—P/S Georgia, via Potgietersrust	Potgietersrust	MK5	297	27/1/34
60	Uitkyk Pound—Skut	Pound Mistress—Skutmeesteres Mrs.—Mev. F. de Boer, Uitkyk, P.O.—Pk. Potgietersrust	Potgietersrust	◊4M	298	21/2/34
61	Fourie, Andries Petrus	Modderfontein, P.O.—Pk. Swartwater	Potgietersrust	MF8	299	13/3/34

No. of Brand. *No. van Brandmerk.*	Name of Owner. *Naam van Eienaar.*	Address. *Adres.*	District. *Distrik.*	Brand. *Brandmerk.*	No. of Certificate. *No. van Sertifikaat.*	Date of Registration. *Datum van Registrasie.*
62	Hirsch, Hermann	Eersterivier, P.O.—Pk. Maasstroom	Potgietersrust	MH9	300	22/3/34
63	Kidson, Cornelis Johannes	Soetfontein, P.O.—Pk. Swartwater	Potgietersrust	MK6	301	22/3/34
64	Smal, Johannes Hendrik	Uienvallei, P.O.—Pk. Towle	Potgietersrust	M9H	302	22/3/34
65	Breet, Gerhardus Christiaan	Marnitzkraal, P.O.—Pk. Marnitz	Potgietersrust	MG9	303	26/3/34
66	Ferreira, Jacobus Johannes	Donkerwater, P.O.—Pk. Maasstroom	Potgietersrust	MF3	304	26/3/34
67	Gouws, Pieter Johannes	Biesjesfontein, P.O.—Pk. Swartwater	Potgietersrust	M4G	305	26/3/34
68	du Toit, Hendrik Petrus	Biesjesfontein, P.O.—Pk. Swartwater	Potgietersrust	MT5	306	26/3/34
69	Lindbergh, Albert Victor	P.O. Box—Posbus 1033, Johannesburg	Potgietersrust	M9L	307	27/3/34
70	v. Eyk, Jacobus Stephanus	Koeberg, P.O.—Pk. Maasstroom	Potgietersrust	M3E	308	27/3/34
71	Pretorius, Gerhardus Johannes Jacobus and—en Visser, Jacobus Gideon Greef	Klipfontein, P.O.—Pk. Maasstroom	Potgietersrust	M2V	309	27/3/34
72	Erasmus, Johanna Aderjana	Honderivier, P.O.—Pk. Bronkhorstspruit	Pretoria	◄◄3	3529	8/1/34
73	Short, Frederick William	Kwaggasvlei, P.O.—Pk. Voortrekkerspos	Rustenburg	R7X	2656	8/1/34
74	Jurgens, Paul Johannes	Smit Street—Straat, Rustenburg	Rustenburg	R8U	2657	11/1/34
75	Smit, Pieter Stefanus	Goedverwacht, P.O.—Pk. Silent Valley	Rustenburg	R4T	2658	15/1/34
76	Fourie, Joseph Frederik	P/B—P/S Haarfyn, P.O.—Pk. Warmbad	Rustenburg	RU8	2659	30/1/34
77	Diedericks, Christiaan, and—en Jacobus Johannes	Welgevonde, P.O.—Pk. Ganskuil	Rustenburg	R4U	2660	30/1/34
78	Hechter, Hendrikus Jacobus	Maroelasfontein, P.O.—Pk. Maroelasfontein	Rustenburg	R4N	2661	28/2/34
79	Venter, Jacobus Stephanus	P.O. Box—Posbus 47, Koster	Rustenburg	R8X	2662	9/3/34
80	Combrinck, Petrus Christiaan	P.O.—Pk. Swartbos	Rustenburg	RU5	2664	19/3/34
81	Kotzé, Abel Jacobus	Balmoral, P.O.—Pk. Schweizer Reneke	Schweizer Reneke	IK	1/1934	22/3/34
82	Bosman, Andries Willem	Verblyden, P.O.—Pk. Standerton	Standerton	SE6	492	19/1/34
83	Basson, Melchior Jacobus	Drukfontein, P.O. Box—Posbus 6, Val	Standerton	S4F	493	19/1/34
84	Kwaggafontein Pound—Skut	Kwaggafontein, P.O.—Pk. Evaton	Vereeniging	◊ 3	60	9/1/34
85	Smalberger, Johan Andries	Rooipoort, P.O. Box—Posbus 66, Volksrust	Volksrust	IS	4	29/12/33
86	Steyn, Pieter Jacobus	Klipput, P.O.—Pk. Creey	Waterberg	S3	1987	11/1/34
87	McLaren, Thomas	Roodevlakte, P.O.—Pk. Tuinplaats	Waterberg	AI	1988	31/1/34
88	Friedman, Lipe	P.O.—Pk. Warmbad	Waterberg	2F	1989	12/2/34
89	Coetzee, Johannes Christiaan	St. Hertogenbosch, P.O.—Pk. Beauty	Waterberg	2C	1991	16/2/34
90	Riggs, Frederick Samson	Dartmoor, P/B—P/S Stockpoort, via Vaalwater	Waterberg	RI	1992	16/2/34
91	Senekal, Johannes Isak	Droegesloot, P.O.—Pk. Warmbad	Waterberg	S4	1993	21/2/34
92	Pretorius, Daniel Johannes Marthinus	Sterkfontein, P.O.—Pk. Oorsprong	Waterberg	DI	1994	28/2/34
93	du Plessis, Stefanus Hermanus	Sondagsloop, P.O.—Pk. Sukses	Waterberg	S5	1995	28/2/34
94	Kotze, Willem Johannes	Swelpan, P/B—P/S Stokpoort, via Vaalwater	Waterberg	KI	1996	28/2/34
95	Kleynhans, Johannes Petrus	Paarl, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	IK	1997	3/3/34
96	Kleynhans, Cornelius Willem, Roelof Frederik, and—en Evert Philippus	Paarl, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	3K	1998	3/3/34
97	Grobler, Johannes Marthinus	Fouriesklooof, P.O.—Pk. Hope	Waterberg	4G	1999	7/3/34
98	Beukes, Willem Koedyk	Klaarwater, P/B—P/S Stockpoort, via Vaalwater	Waterberg	7K	2000	7/3/34
99	Kuhn, Johannes Albertus	Theunispan, P.O.—Pk. Zandbult	Waterberg	9K	2001	8/3/34
100	Meyer, Martha Elizabeth	Uyenvley, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	M2	2002	9/3/34
101	Pottinger, Elsie Florence	Rhenosterpoort, P.O.—Pk. Nylstroom	Waterberg	P2	2003	9/3/34
102	Horn, Bahrend Johannes Petrus	Hoornbosch, P.O.—Pk. Ons Hoop	Waterberg	2H	2004	9/3/34
103	du Preez, Barend Gerhardus	Johannesburg, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	1D	2005	9/3/34
104	Smit, Arrie Zacharias	Clermont, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	ZI	2006	9/3/34
105	McSeveney, Johannes Petrus	P.O.—Pk. Ons Hoop	Waterberg	JI	2007	14/3/34
106	Mare, Abraham	Sterkfontein. P.O.—Pk. Elmeston	Waterberg	A2	2008	14/3/34
107	Kleynhans, Alwyn Johannes, Cornelius Willem, and—en Barend Jocobus Gert Wessel	Weltevreden, P.O.—Pk. Hope	Waterberg	2K	2009	14/3/34
108	Pretorius, Jan	Viljoenskloof, P.O.—Pk. Hope	Waterberg	2J	2010	14/3/34
109	Venter, Andries Jan Albert	Viljoenskloof, P.O.—Pk. Hope	Waterberg	V2	2011	14/3/34
110	Venter, Martin Petrus Albertus	P.O.—Pk. Monte Christo	Waterberg	V3	2012	14/3/34
111	du Plessis, Pieter	Goedgedacht, P.O.—Pk. Elmeston	Waterberg	S6	2013	14/3/34
112	v. Staden, Martinus Phillipus	Melkboschkraal, P.O.—Pk. Ons Hoop	Waterberg	S7	2014	14/3/43
113	Henrico, Hans Jurgens	Rondeboschje, P.O.—Pk. Ons Hoop	Waterberg	H3	2015	14/3/34
114	Coetzee, Gerhardus Jacobus	Kaffirsdraai, P.O.—Pk. Sandbult	Watebrerg	3C	2016	15/3/34
115	Venter, Jacobus Jeremia, and—en Anna Catrina	Goedgedacht, P/B—P/S Stockpoort, via Vaalwater	Waterberg	3V	2017	15/3/34
116	Visser, Maria Johanna Albertha	P.O.—Pk. Nylstroom	Waterberg	S8	2018	15/3/34
117	Visser, Lodewikus Lourens Johannes	P.O.—Pk. Nylstroom	Waterberg	V4	2019	15/3/34
118	du Preez, Philippus Jacobus	Graaf Reinet, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	P3	2020	16/3/34
119	Wells, George Albert, Jacobus Johannes, and—en Scheepers, Hendrik Frederick	Pequetberg, P.O.—Pk. Hope	Waterberg	W2	2021	21/3/34
120	Behrens, Hyla Maria	Houwhoek, P/B—P/S Stockpoort, via Vaalwater	Waterberg	B3	2022	21/3/34
121	Wentzel, Jacobus Johannes	Fouriesklooof, P.O.—Pk. Hope	Waterberg	IW	2023	21/3/34
122	Buchling, Wilhelm Petrus Jacobus	Zoutpan, P.O.—Pk. Matlabas	Waterberg	2B	2024	22/3/34
123	Dercksen, Johannes Jurgens, Johannes Willem, and—en Daniel Jacobus	Samaria, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	9D	2026	23/3/34
124	Horn, Jan	Toufontein, P.O.—Pk. Hope	Waterberg	H6	2027	23/3/34
125	Brozin, Louis	45 Long Street—Straat, Middelburg	Witbank	6B	16	18/1/34
126	Grobler, Coert Nicolaas	Polton, P.O.—Pk. Alldays	Zoutpansberg	9G	847	13/1/34
127	Taljaard, Jacobus Hermanus Johannes	Dulci, P.O.—Pk. Alldays	Zoutpansberg	7T	851	16/1/34
128	Delport, Michael	Riqsky, P.O.—Pk. Messina	Zoutpansberg	2R	852	16/1/34
129	Girardin, Auguste	Welgevonden, P.O.—Pk. Gevonden	Zoutpansberg	2G	853	26/1/34
130	Fouche, Thomas Ignatius	Lilliput, P.O.—Pk. Skelmwater	Zoutpansberg	2F	854	8/2/34
131	Knoetze, Willem Johannes Stephanus	P.O.—Pk. Messina	Zoutpansberg	4K	855	8/2/34
132	De Vries, Susanna Gertruida	Welgevonden, P.O.—Pk. Louis Trichardt	Zoutpansberg	ES	857	13/2/34
133	Pretorius, Albertus Stephanus	Welgevonden, P.O.—Pk. Louis Trichardt	Zoutpansberg	CP	858	17/2/34
134	Naude, Jan Daniel	Wallacedale, P/B—P/S Franshoek	Zoutpansberg	EN	859	28/2/34

NATIVE BRANDS.—NATURELLEBRANDMERKE.

No. of Brand. *No. van Brandmerk.*	Name of Owner. *Naam van Eienaar.*	Address. *Adres.*	District. *Distrik.*	Brand. *Brandmerk.*	No. of Certificate. *No. van Sertifikaat.*	Date of Registration. *Datum van Registrasie.*
1	Khutelan, Joseph Mokokane	P.O.—Pk. Olifantsvlei	Marico	*M7K*	158	8/2/34
2	Selato, Willem, and—en Segahla Piet	P.O.—Pk. Olifantsvlei	Marico	*M7S*	159	8/2/34
3	Molebatsi, Radipudi Kleinbooi	Doornlaagte, P.O.—Pk. Groot Marico	Marico	*M6K*	161	16/3/34
4	Malape, Kleinbooi	Doornlaagte, P.O.—Pk. Olifantsvlei	Marico	*MK7*	162	23/3/34
5	Mahoko, Jorman	Peebles, P.O.—Pk. White River	Nelspruit	*MM8*	67	2/3/34
6	Mahoko, Martinis	Peebles, P.O.—Pk. White River	Nelspruit	*MM9*	68	2/3/34
7	Masuku, George	Peebles, P.O.—Pk. White River	Nelspruit	*MM0*	69	2/3/34
8	Mokwena, Simon	Peebles, P.O.—Pk. White River	Nelspruit	*MM1*	70	2/3/34
9	Nyamane, Madimetja Ephraim	Seekoegat, P.O.—Pk. Kafferboom	Potgietersrust	*MN2*	106	19/2/34
10	Mothoa, Lucas	Charlottesdale, P.O.—Pk. Goompies	Potgietersrust	*M6M*	107	23/3/34
11	Mpete, Philemon Dethotsi	Zondagsloop, P.O.—Pk. Sukses	Waterberg	*WM9*	834	4/1/34
12	Lesebe, Piet	Pretoriuskloof, P.O.—Pk. Hope	Waterberg	*WL2*	835	16/3/34
13	Pesha, Miezak	Nazungongo, P.O.—Pk. Monte Christo	Waterberg	*WM0*	836	21/3/34
14	Moromole, Januarie	Gotha, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	*W4J*	837	23/3/34
15	M'Tembo, Jan	Onlus, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	*W1M*	838	23/3/34
16	Kakoena, Hermanus	Robertson, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	*W3H*	839	23/3/34
17	Segabetla, Heskia	Hanover, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	*WS9*	840	23/3/34
18	Selia, David	Drakensberg, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	*WD3*	841	23/3/34
19	Moghasa, Albert	Rivierplaas, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	*WA6*	842	23/3/34
20	Mayeki, Kleinbooi	Beaufort, P.O.—Pk. Villa Nora	Waterberg	*WK8*	843	23/3/34
21	Madume, Elias	Boulogne, P.O.—Pk. Bandur	Zoutpansberg	*OCD*	529	29/1/34

BRANDS TRANSFERRED.—BRANDMERKE OORGEDRA.

Transferred from *Oorgedra van*	Transferred to *Oorgedra aan.*	District. *Distrik.*	Brand. *Brandmerk.*	No. of Certificate. *No. van Sertifikaat.*	Date of Transfer. *Datum van Oordrag.*
Abraham S. Viljoen	Albertus Johannes Coetzee, 77 President Street—Straat, Pretoria	Barberton	N3N	33	5/2/34
Johannes Hendrik Snyman	Adrian Stephanus and—en Jan Hendrik Snyman, P.O.—Pk. Kwaggafontein	Marico	M6 J	1144	16/3/34
Jan Last	Gereformeerde Kerk, Pietersburg	Pietersburg	OZL	55	9/3/34
Jochemus Johannes Prinsloo	Hendrik Johannes Smit Prinsloo, Orangefontein, P.O.—Pk. Monte Christo	Waterberg	W7P	88	6/3/34
Gerhardus J. Swanepoel	Johannes Christoffel Swanepoel, Nazungongo, P.O.—Pk. Monte Christo	Waterberg	W⊸S	89	21/3/34

✱ No. 593.] [11th May, 1934.

REGISTRATION OF BRANDS, ORANGE FREE STATE.

The following list of brands is published for general information under section *five* of the Orange River Colony Brands Registration Ordinance, 1903:—

✱ No. 593.] [11 Mei 1934.

REGISTRASIE VAN BRANDMERKE, ORANJE-VRYSTAAT.

Onderstaande lys van brandmerke word hierby, ingevolge artikel *vyf* van die Ordonnansie op die Registrasie van Brandmerke, Oranjerivier-kolonie, 1903, vir algemene informasie gepubliseer:—

No. *No.*	Name. *Naam.*	Residence and Address. *Woonplek en Adres.*	District. *Distrik.*	Brand. *Brandmerk.*	Regd. on. *Gereg. op.*
2220	Gabriel Stefanus Philippus Oosthuizen	Grasdam, P.O.—Pk. Paardeberg Station—Stasie	Jacobsdal	J C 1	26/1/34
2221	Chrisjan Kuntz	Louvale, P.O.—Pk. Harrismith	Harrismith	(K	13/3/34
2222	Dekgraskop, Government Pound—Goewermentsskut Dekgraskop	C/o The Pound Master—p/a Die Skutmeester, Dekgraskop, P.O.—Pk. Warden	Vrede	O DK	10/2/34
2223	Nicolaas Christiaan v. Rooyen Sadie	Tweefontein, P.O.—Pk. Winburg	Winburg	Z S 2	13/2/34
2224	Johannes Jacobus du Plessis	Skaapkraal, P.O.—Pk. Smithfield	Hoopstad	J d P	5/3/34
2225	Louis Christian Johannes Wessels	Malborough Downs, P.O.—Pk. Wyford	Harrismith	H.W 3	22/3/34

✱ No. 599.] [11th May, 1934.

COMPULSORY DIPPING.—SMALL STOCK. MOUNT FRERE.

Under and by virtue of the powers vested in him by paragraph (*f*) of section *sixteen* of the Diseases of Stock Act (No. 14 of 1911), as amended by the Diseases of Stock Act Amendment Act, 1923 (No. 31 of 1923), as amended by section *one* of Act No. 18 of 1925, and the Diseases of Stock (Amendment) Act, 1930 (No. 5 of 1930), the Minister of Agriculture has ordered that every owner of sheep and goats on and in the undermentioned locations, Cape Province, mentioned in the schedule to this notice, shall cause such stock to be dipped twice in an approved dip, keeping them immersed in the

✱ No. 599.] [11 Mei 1934.

VERPLIGTE DIP—KLEINVEE. MOUNT FRERE.

Kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by paragraaf (*f*) van artikel *sestien* van die „Veeziekten Wet" (No. 14 van 1911), soos gewysig deur die Veeziekten Wet Wijzigings Wet, 1923 (Wet No. 31 van 1923), soos gewysig deur artikel *een* van Wet No. 18 van 1925, en die Veeziekten Wijzigings Wet, 1930 (No. 5 van 1930), het die Minister van Landbou gelas dat elke eienaar van skape en bokke wat skape en bokke aanhou op en in die hieronder gemelde lokasies, Kaapprovinsie, soos vermeld in onderstaande skedule, moet sorg dat genoemde vee tweemaal gedip word in 'n goedgekeurde dipstof, deur sodanige vee minstens twee minute

dip for not less than two minutes. The second dipping shall in every case take place within not less than eight or more than ten days after the date of the first dipping.

The aforesaid dipping shall commence on the 1st of May, 1934, and be completed on the 15th of June, 1934, and each flock shall be dipped during the period at such times as may be fixed by the stock inspector who controls the dipping.

SCHEDULE.

Mount Frere District, the following locations:—
No. 2, Lutshikini; No. 4, Mpoza.

✱ No. 601.] [11th May, 1934.

BRANDING OF CATTLE.

Under and by virtue of the powers in him vested by section *sixteen*, paragraph (*e*) of the Diseases of Stock Act, 1911 (Act No. 14 of 1911), as amended by section *one* of Act No. 18 of 1925, the Minister of Agriculture has issued the following order in connection with the branding of cattle on the farm mentioned.

Failure to comply with this order will render an owner liable to the penalties prescribed under section *twenty-one* of the Diseases of Stock Act.

Every owner of cattle running on the undermentioned farm shall within thirty days after the publication of this order at such time or times within the said period of thirty days as may be fixed by the Government Veterinary Officer of the District, brand with a branding iron all his cattle on this farm in a distinctive manner with the brand specified herein.

Area.	*Brand.*
The farm Kwamagwaza, Entonjaneni District, Natal	K M

✱ No. 602.] [11th May, 1934.

INFECTED AREAS.

By virtue of the powers vested in him by section *nine* (4) of the Diseases of Stock Act, 1911 (Act No. 14 of 1911), as amended by section *one* of Act No. 5 of 1930, the Minister of Agriculture has declared the undermentioned areas infected areas in consequence of outbreaks of East Coast fever:—

Areas:

(*a*) Melmoth Commonage and the farms Golden Reef B, Rusverwacht, Boegenek, Elizabeth and Vanjaarsveld, Entonjaneni District, Natal.

(*b*) The farm Everton, Pinetown District, Natal.

✱ No. 603.] [11th May, 1934.

COMPULSORY DIPPING: CATTLE.

